# DIE BELANGRIKSTE GOED IN DIE LEWE IS NIE GOED NIE

INLEIDING
Toeka se bydraes …
Toeka se uitgawes …

Het u geweet dat daar in die Bybel meer geskryf word **oor die regte gebruik van geld** as oor geloof en gebed! Daar is ongeveer 500 teksverse oor geloof en 'n bietjie minder oor gebed. Maar daar is 2 300 teksverse oor geld en goedere! En amper die helfte van Jesus se gelykenisse handel oor die regte hantering van geld en goedere!

Kom ons beskou een so 'n gedeelte in die OT vanmore van naderby. Ons lees

Maleagi 3:6-12

VERTEL DIE WAARHEID IN LIEFDE
Die inleiding sê dat die boek ongeveer 5 eeue vC geskryf is en dat die profeet die volk van God daarin **bestraf** oor hul sondes op die gebied van die erediens, die huwelikslewe en hul toekomsverwagtings.
Maar let op hoe hy **begin**: *"Ek het julle lief, sê die Here."* (1:2) Hy **spreek hulle streng aan** oor hulle sondes, maar dis nie omdat Hy hulle nie liefhet nie, maar JUIS OMDAT Hy hulle so liefhet. Hy vertel hulle die waarheid, maar in en uit liefde. Dit is soos wat in Efesiërs staan: Waarheid en liefde moet saamgaan (4:15).
En dan **vra die volk**: *"Hoe het U ons lief?"* Hulle trek sy liefdesverklaring in twyfel, want hulle kry swaar. Dit gaan nie so goed met hulle nie. Hulle dink God het hulle nie meer lief nie. Hy het verander!

BEKEER JULLE
Maar God sê: *Ek het nie verander nie*. As Ek julle nie meer liefgehad het nie, was daar teen hierdie tyd niks van julle oor nie! (3:6).
So waar lê die **fout?** *"If God seems to be far away, guess who has moved?"* As dit vir jou voel asof God ver weg is, raai wie het weg beweeg?
Daarom **roep God** sy volk om na Hom toe terug te kom: *"Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige."* (:7)
En dan vra die volk ewe **onskuldig**: *"Waarom moet ons ons bekeer?"* Ons is ORDENTLIKE mense! Ons het niks verkeerds gedoen nie!
Dis nie wat julle GEDOEN het nie, maar wat julle NIE gedoen het nie, antwoord die profeet. Want as 'n mens die Here of jou naaste **nie gee** wat hulle toekom nie, is jy 'n dief, steel jy van hulle.
DIT moes daardie klomp **laat regop** sit het. Hulle het seker nog nooit aan hulleself as DIEWE gedink nie!

VERTROU DIE HERE
Dan **daag** die Here hulle uit: *"… toets My hierin … of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak nie en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie."* Ek sal julle oeste beskerm teen die sprinkane. God belowe hulle **nie luukshede** nie, maar dat hulle **meer as genoeg** sal hê.
Dit is duidelik dat dit vir die Here **nie om hulle geld of goed** gegaan het nie. Hy het niks van ons **nodig nie**: Ps 50:12 *"Ek sal jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want*

*die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My… Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring…"*
Dit gaan om ons **hart**, ons liefde, onsself. Daarom sê Hy nie vir hulle *gee groter bydraes* nie, maar *bekeer* julle. DIT is waar die fout lê. Julle hele gesindheid teenoor My is nie reg nie. Ek beklee nie die **topposisie** in julle lewe nie. Julle swak bydraes is maar net die SIMPTOOM daarvan.
Ons het dit verlede Sondag in Romeine 12 gelees: *"Gee julleself aan God… Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."* (:1) Dankofferbydraes is nie die wesenlike nie. Maar dit het met die wesenlike **te doen**. **Paulus** skryf oor die insameling in die gemeentes in Macedonië die volgende*: "... eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons."* En dan voeg hy daaraan toe: *" Dit is soos God dit wil."* Die twee HOORT SAAM. Nie een van die twee sonder die ander nie. Nie: Ek gee myself, maar nie my goed nie. Ook nie: Ek gee my goed, maar nie myself nie. As jy eers op **daardie punt gekom** het dat jy God met jou lewe vertrou, is dit maklik om Hom ook met jou finansies te vertrou. Dan beskou jy alles as Syne en gebruik net soveel daarvan as wat jy **nodig** het. Eintlik is die Here baie vrygewig as Hy sê: *Jy kan maar 90% van wat Myne is, vir jou behoeftes gebruik.* Maar dan neem ons soms nog van daardie 10% en spandeer dit op **luukshede**, op goed waarsonder ons kan klaarkom.

HY BELOOF SEëN
Onthou, die Here is nog steeds besig om *in* liefde en *uit* liefde te vermaan. Hy WIL NIE hê daar moet **verwydering** tussen Hom en hulle wees nie. Hy weet en ons weet hoe maklik geld en goed **'n afgod** kan word en tussen jou en God kan kom. Hy weet en ons weet dat geldgierigheid die **wortel is** van allerlei kwaad – diefstal, moord, egskeiding, afpersing, dobbelary, dwelmhandel. Wie **Mammon** eerder as God dien, val in menigte versoekings. Die koerante is vol daarvan. Geld kan nie **geluk koop** nie. Mammon is 'n **wrede god**. Hulle het nie net die Here beroof nie – hulle beroof ook hulleself van die seën van die Here.
Dis vandag **Toerustingsondag.** God wil ons *uit liefde* leer hoedat ons ons geld moet beheer sodat dit ons nie beheer nie. (Lees 1 Timoteus 6:9-10; 17-19)

Hy WIL hulle seën, sê Hy. In Die Boodskap lui vers 10 soos volg: *"Bring julle volle tiende na die tempel se stoorkamers toe sodat daar genoeg kan wees om die wat nie vir hulleself kan sorg nie te help. Probeer dit en kyk wat gebeur. As julle dit doen, sal julle sien dat julle my hande wat agter my rug vasgemaak was, losgemaak het, en dan sal Ek weer vir julle kan sorg na die beste van my vermoë."* In 2 Kor 8 en 9 waar daar oor die christelike vrygewigheid geskryf word, is daar ook, soos hier, beloftes by: *"... wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes."* (9:6)

Maar dis nie 'n **saketransaksie nie**. Ons gee nie twv persoonlike voordeel nie. Wanneer 'n mens lief is vir die Here, gee jy met **blymoedigheid**, nie met bymotiewe nie. Dit is nie iets wat jy doen omdat dit van jou afgepers word, of om jou gewete te sus of om iets daarmee te verdien nie.
Jy gee jou gawe omdat jy **dankbaar** is daarvoor dat die Here jou gered het, sy Seun vir jou gegee het en nog elke dag in jou behoeftes voorsien. **Besef jy** dat as jy kos in jou yskas het, klere aan jou lyf, 'n dak oor jou kop en 'n plek om te slaap, jy ryker is as 75% van die wêreld se mense? As jy geld in die bank en in jou beursie en kleingeld iewers in 'n sakkie het, tel jy onder die 8% rykste mense van die wêreld!

Deur onselfsugtig tot ‘n saak groter as jyself by te dra, sonder om iets terug te verwag, gee **meer betekenis** aan ‘n mens se lewe. Dit maak ‘n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang.

GEE GOD DIE EER WAT HY VERDIEN
Ons **is baie dankbaar vir u dankofferbydraes aan die Here. Ongelukkig is** ons dankoffer inkomste tot dusver vanjaar R50 000 minder as wat begroot is. Ons het ‘n tekort van R78 000 op die gemeente se rekening. Dit het gemaak dat die kerkraad Maandagaand alle uitgawes tot op die been moes besnoei.
U sal self weet of u bydrae **na vermoë** is en of u dalk ook besig is om **diefstal** te pleeg. 2 Korinthiërs 8:12 verseker ons: *“As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.”* Ons verwag dit ook nie. Ons vra net: **Maak seker** dat God ALTYD eerste kom in jou lewe. Gee God **die eer** wat Hom toekom.
Dan sal jou offer vir Hom ‘n **lieflike geur** wees. Dan sal die gemeente en die kerk waarvan u en ek lidmate is, kan voortgaan om ‘n **verskil te maak** en Eden te help herstel!

Amen
14.09.2008